
De Haan

# OPSAAL!





NO 2 : 1997

GEORGE

VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB

## VAN DIE REDAKTEUR

Hoor 'n mens van al die stappe en waar oral geloop is, kan 'n hele paar van ons beslis gebruik word in die TOYOTA HILUX 4 X 4 advertensie wat sê: "Hy klim nie 'n berg nie, hy loop hom."! Die Here het ons veilig bewaar oor baie kilometers en gevaarlike paaie, waarvoor ons Hom dankbaar is. En vir al die 4 X 4's lê daar nou so 'n klein rustydjie voor, voordat hulle in die nuwe jaar weer berge gaan "uitloop". My bede vir julle almal is 'n geseënde Christusfees en 'n nuwe jaar waar julle bewus gaan wees van Sy nabyheid.

Alétte Smith.



## DIE NAUKLUFT VOETSLAANROETE.

deur Faan Strauss.

*Hier my stappersvriend Alétte*
*'n Vers van drie maal tien koeplette*
*om in die Opsaal in te sette*
*Druk nou maar op dat dit so kraak*
*Gegroet van Faan wat versies maak.*

Die eerste aand het ons
op Upington gebly.
Die tweede aand op Sesriem
naby Sossosvlei.

Die duiwe rondom Sossosvlei
was onbeskryflik mooi.
Soos Vader Tyd verbygly
in kleuredos getooi
verander dit van mooi tot mooi tot mooi.

Ons oë het daar rond gewei
'n Kaleidoskoop van kleure.
Amper te mooi om waar te wees
vir werklike gebeure.

Ons volgende bestemming
was ons hut by die Naukluft.
Dis hier waar ons begin te wonder
of ons die roete
of hy vir ons gaan troef.

Ek wonder wat my hinder
daar's onrus in my hart.
Die stapsak word al swaarder
teen "heartbrake" uit met smart.

Die wildernis se drange
laat in my siel ervaar
'n hunkering na swaarkry
wat glad nie wil bedaar.

Van Putte hut na Ubusis
was daar beslis 'n hindernis.
Maar vrou en man doen wat hul kan
Hanteer die kettings soos bob'jan


Na Adlerhorst van Ubusis
stap mens al waar die spoortjies is
totdat jy vind die kettingpunt
is weer opnuut 'n wildernis.

Ses kettings uit kon ons nie stuit.
Ons doen dit sommerso fluit-fluit
en boon-op onverskrokke
soos wafferse wildsbokke

Adlerhorst en Annie se verdwaling
laat haar vroegaand soos 'n paling
wegswenk na haar eie "darling".

By die vierde dag se ketting
laat Hans die sakke afhang,
wyl Louise soos 'n spreeu
hang asof vir 'n eeu
die anker van die span.

Hendrik en Annie;
hy ons leier sy, sy tannie
loop voor 'n bars net klippe knars
sê nooit ons kannie.



Iewers snuffel Mathie
'n blommetjie weer uit
en skroom dan glad nie
die hele trein te stuit.
Sy roep Helene om tog te kyk
hoe pragtig die ou blompie lyk.

Faan, gewil'ge waterdraer,
hoewel hy eers Junie verjaer
met Hans en Allen as vennote
dra water aan genoeg vir bote.




'n Stappervriend, genaamd Rufane
kan somtyds stil vooruit verdwyn.
Kry saans dan raas van kneg tot baas
oor sy nie-samesyn.

Die groep wou dit nie glo,
maar moes self sien
hoedat Carlien
erte kook onderstebo.

Allen was toe wel
in die sop daarvan gewees,
maar met sy rooitrekker en klippie
herstel hy weer die gees.

Die oggend van die vyfde dag
het broekskeur ons ingewag,
maar ons sit voet neer en ons stap
dwarsoor hom vir die grap.

Helene, die goedhart Sam'ritaan
skenk aan Mathie en aan Faan,
'n pak provita gratis.
Dis mos soos 'n maat is.



Die vorige dag was dit Broekskeur.
Die sesde dag weer Groothartseer
Maar Broekskeur had meer skeur
As Groothartseer se seer.

Die vorige versie was miskien
te vroeg en dalk verdien
Groothartseer tog die naam meneer.

Die bergpas af na Groothartseer,
het 'n klip vir Annie omgekeer,
maar 'n pleistertjie en Betadine
het haar gou weer reggesien.

Hans stap weer die heelpad agter,
want hy is mos die groep se wagter.
Sien toe dat elke een wat swaarkry
dit met lekkerkry klaarkry.

Die oggend van dag sewe
begin die span vol nuwe lewe,
maar skielik verloor ons spoed
toe nuwe kettings ons begroet.

Vanaf Bakenkop kraaknet
lê 'n vergesig eindeloos
byna netsoos
die Skepper dit gemaak het.

By Kapokvlakte het almal
'n grote skrik gekry
toe die trokkie wat die water bring
amper bo-oor Mathie ry.

Die voetjies wys heel duidelik
die pad om op te bly,
maar dikwels moes ons tog help soek
om weer ons koers te kry.

Ons dank die Here vir bewaring
ver bo wat mens kan verdien
en ook vir sy genade
die Naukluft te kon sien en doen.



**Dis 'n seën dat 'n mens vriendelikheid kwistig kan gebruik, sonder die vrees dat jy dit sal opgebruik.**



# NAUKLUFT ERVARING

deur Salomé van Wyk

Ek sien myself nou alreeds vir baie jare as 'n ervare stapper. Ek meen, het ek dan nie alreeds meer as een keer die Otter asook die Visrivier- Canyon gestap nie. Vir enige man in die straat is die twee stappe mos die merk van 'n ware stapper. Iemand het gesê 'n ervare stapper is nie 'n persoon wat al baie stappe gestap het nie. Nee, 'n ervare stapper is iemand wat al baie onverwagse gevaarlike goed ervaar het op 'n stap. Goed wat sy oorlewingsdrang getoets het. Goed wat sy dood kon beteken as hy nie die regte optrede gevolg het nie. Dit is die tipe ervaring wat mens in die Naukluft opdoen.

En as jy vir enige nie-stapper sou vertel van die Naukluft, weet hulle nie eers waar dit is nie en baie stappers het selfs nog nie eers daarvan gehoor nie. Nou laat ek jou vertel:

Daar is mense wat te vertel het dat dit die moeilikste stap in die Suidelike Halfrond is. Ag nou ja, miskien nie in die Suidelike Halfrond nie. Ek meen wie van ons was dan al in Australië of in die Amasone. So miskien net die moeilikste stap in Afrika. A nee a, mens kan mos nie so jok nie. Wat dan van Kilimandjaro of die Montsori berge, daar waar die Nyl sy oorsprong het. Seker maar net die moeilikste in Suidelike Afrika. En dit is ook nog debateerbaar. Dit hang alles af van 'n klomp goed. Ek is seker baie wat die Drakensberg se tande net ontglip het sal 'n ander deuntjie sing. Nou goed, kom ons kom ooreen dat dit ten minste een van die groot vyf in Afrika is.

Ek praat nou van stappe, nie van bergklim of rotsklim nie. Dit is nou 'n stap waar geen toue gebruik word nie. Ek sien Anna van Niekerk verwys met ontsag na die ketting op die eerste dag van die Harkerville. Ons stappers wat nie bergklimmers of rotsklimmers is nie het groot ontsag vir 'n ketting. En op die Naukluft roete is daar agtien kettings.

Een van hulle is na bewering agt-en-twintig meter lank. Ek dink die ketting is eerder veertig meter lank. Maar watter verskil maak twaalf metertjies nou? Dan is die ketting nog teen 'n feitlik loodregte krans uit.


Genadiglik is daar kettings, want was dit nie vir die kettings nie, sou mens nie die roete kon stap nie. Behalwe natuurlik as jy 'n bobbejaan is. Nie dat dit so maklik is op die plekke waar daar nie kettings is nie. 'n Grootste gedeelte van die stap is mens besig om in 'n rivierbedding vol "boulders" op te "scramble" of af te ploeter. Dit is defnitief nie gewone stap nie. Dit is ongewone klouter. Een so 'n rivierkloof, bekend as Ibusiskloof, is ongeveer 2 km lank. Dit het ons meer as drie ure gevat om af te gaan. En toe moes ons dit die volgende dag weer op gaan.

As mens nie in rivierklowe klouter nie, stap jy op 'n terrein wat bestaan uit skerp growwe klippe. Aan die einde van die dag voel dit of jou voetbene deur die vel gaan steek so seer is jou voete. As die pad nie te vol klippe is nie en daar is 'n gangbare paadjie of "jeep track" (wat amper nooit is nie) dan is dit gewoonlik aan die einde van die dag in die bloedige warm son wanneer die kilometers ekstra lank is en wanneer die skuilings nie wil kom nie. Verder is daar opdraende wat mens moet uitklim met name wat nie verniet Groot Hartseer, Broekskeur en Hartbreak Pass is nie.

As groentjie is die oorgang oor die riviertjie by Groeneweide gevaarlik. As mens 'n ervare stapper is kan jy egter met die gevaarlike dinge "cope". Dan tref jy vooraf voorsorg dat jy die onverwagse gevaarlike goed in jou "stride" kan vat. As ek dink hoe wankelrig, bang en onervare ons die eerste ketting op die Naukluft hanteer het en hoe ons die laaste 28 m lange ketting in ons "stride" gevat het! Ervaring is dalk wanneer mens besef hoe min ervaring jy het en steeds versigtig, maar met selfvertroue en vertroue op jou Skepper, die uitdagings aanpak!




# NAUKLUFT TRAIL



## NAMIB-NAUKLUFT PARK

# NAUKLUFT TRAIL: ADDITIONAL INFORMATION.

General: NO fires are allowed on the trail or at the overnight shelters. The times given in the brochure are for very fit hikers. In general most groups take 2-3 hours longer. There are rubbish bins and water at every shelter.

EMERGENCY
EXIT SIGN: 

Nature Conservation Telephone Numbers:
All calls through the Maltahohe exchange 06632:
Maltahohe 3245 and 3247
Zais ask for Solitaire 3312

DAY 1 TO PUTTE: Average time 6-9 hours. 14 km.
There is usually drinking water at Fonteinkloof.

DAY 2 TO UBUSIS: Average time 6-8 hours. 15 km.
There is no water at Bergpos windmill. If the pools are full in the Ubusiskloof use the alternate routes which are marked. Cathedral fountain is 2 hours from Ubusis hut. Please keep the house clean and sweep it before you leave. Close all the doors and windows to keep the baboons out. You may swim in the dam but do not use soap or shampoo in it as the game and birds also make use of the water.
The EMERGENCY EXIT is marked with the yellow cross/arrow. It is 20 km to the main road. Here turn right to Sukses, another 5 km, or hitch-hike to Sesriem 20 km to the left.

DAY 3 TO ADLERHORST: Average time 6-7 hours. 12 km.
This is the shortest stretch so you can spend time in Ubusiskloof.
Turn the handle of the pump at the shelter several times to flush the bees from the pipe before collecting water.

DAY 4 TO TSAMS OST: Average time 7-9 hours. 17 km.
About 2 km from Adlerhorst on the way to Tsams Ost,



an alternate route back to Naukluft has been marked. This distance is about 22 km and forms a circular route for those doing 4 days only. However, you can also do 4 days to Tsams Ost if you have left a vehicle there or have made arrangements to be picked up.
Where the trail leaves the river there is a sign indicating the waterfall. The zig-zag is marked at the top and bottom. Find your own way down the numerous game paths.
When you reach the river again there is another sign indicating the base of the waterfall and a large pool. There is drinking water in the fountain about 1 km from the waterfall.
The first waterpoint, the water-wheel, has dried up. Proceed to the shelter and follow the signs to the next waterpoint. Please lower the bucket slowly and close the trapdoor when you are finished. Please hang the bucket upside-down to prevent animals being trapped in it. The colour of the water is due to minerals.
If you are doing the complete 8 day trail, before starting the hike you can leave food/clothes in the steel cupboard at Tsams Ost. The EMERGENCY EXIT continues along the road from the water-wheel. The main road is 20 km away.

DAY 5 TO DIE VALLE: This is a long hike of 8-9 hours. 17 km.
PLEASE NOTE that there is no water at Fonteinpomp windmill as this source has dried up. The water at Die Valle shelter has also dried up, but a trailer with ample water is supplied. Visit the fountain at the base of the falls about 1 km from the shelter. The EMERGENCY EXIT is along the main road to the west. The nearest telephone is about 8 km away, on the farm Weltevrede, on this road.


DAY 6 TO TUFA TAVERN: Average time 7-9 hours. 16 km.
Be careful when going up the lip of the waterfall. It is dangerous! There is usually water at the fountain before the large tree and there is water about 3 km before the shelter - watch for the sign.

The waterpoint at the shelter is across the river behind the tree. Turn the handle several times to flush stale water from the pipe. The shelter is on the left of the trail. The EMERGENCY EXIT continues along the track past the house (it has NO telephone) for about 5 km to the main road.

DAY 7 TO KAPOKVLAKTE: Average time 7-9 hours. 14 km. A steep climb up the gorge with a 28 m chain to assist you. Please do not waste water and beware of the shelter's low roof.

DAY 8 TO NAUKLUFT: Average time 6-8 hours. The last long hurdle. The distance is 16 km and not 14 km as on the profile map.

ENJOY YOUR SWIM IN THE NAUKLUFT RIVER.



**Die wêreldling glo wat hy weet, die Christen weet wat hy glo.**



## DIE WATERBERG (Namibië)

deur Faan Strauss


Vir Hennie en Annie
en Mathie en Fanie
met hul fikse voete
was die Waterberg se roete
iets soos 'n fees gewees.

Vir Pompie die renoster
had al vier groot ontsag
En planne om
as hy sou storm te ontkom,
was aan die orde van die dag.

Ou Pompie se teenwoordigheid
het hy oral goed gemerk.
Met spore en ploegvore,
besproei met eie spuit.

Slegs Langnek die "giraffe"
het op ons pad verskyn.
Hy was gelukkig heel beskaaf
en het net stilweg weer verdwyn.

Die Waterberg het aan ons ontvou
Baie mooi om te onthou.
Veral vang elke rotsformasie
die oog met eie grasie.



Die roete was bedoel
oor vier dae te strek,
maar na dag drie was ons terug
weer by die wegspringplek.

Die voetjies wys heel duidelik
die pad om op te bly,
maar dikwels moes ons tog help soek.

# BERG-EN-DAL SE BOOMLYS

deur Salomé van Wyk

Salomé en Louise het 'n tydjie gelede besluit dat dit tyd is dat ons ons lede se kennis opknap en het begin om 'n boomlys saam te stel. Soos die Atlas projek en ander verdienstelike natuurprojekte is die samestelling van so 'n boomlys nooit afgehandel nie. Die aanvulling van die lys hang af van ons lede se oplettendheid en die ontwikkeling van hulle kennis. As u dalk nuwe bome sou opmerk wat nog nie op die lys voorkom nie, noem hulle asseblief aan Salomé. Sy het ingestem om die lys op datum te hou en sal gereeld die nuwe byvoegings in die Opsaal publiseer. Wie weet, dalk word die projek nog so groot soos "Red die Renoster" en kan ons groot borgskappe van Hi-Tech of Lubbes kry vir die belangrike werk.

| | |
|---|---|
| 1451: Olifantboom | -Die een met die olifantprentjie op. |
| 1452: Voetjieboom | -Die een met die wit voetjie daarop geverf. |
| 1453: Kolboom | -'n Boom met baie vlekke op die bas. |
| 1454: Koelteboom | -Gewoonlik met baie blare. |
| 1455: Voëlsitboom | -Gewoonlik klein blaartjies met voëls in die takke. |
| 1456: Groot Voëlsitboom | -'n Baie groot boom met klein blaartjies; bedoel vir ooievaars op die takke. |
| 1457: Upright boom | -'n Baie regop boom wat inheems is. |
| 1458: Right up boom | -'n Baie regop boom wat nie inheems is nie. |
| 1459: Sitboom | -Afgekapte of afgesaagde boomstomp wat soos sitbanke lyk. |
| 1460: Tapytboom | -'n Boom waarop die tapyte (mos) groei. |



Liewe Vriende

Vriendskap word te maklik as vanselfsprekend aanvaar. 'n Krisis is dikwels nodig om ons te laat besef hoe baie vir ons omgegee word. Ons het dit kragdadig beleef met eers ons skoonseun en toe 'n paar weke later Oosie se ernstige siekbed.

Die stappers van Berg en Dal veral was wonderlik onderskragend met gebede, besoeke en so baie oproepe en ook blykies van liefde.

Om net dankie te sê voel so ontoereikend, maar dit is al wat ons het.
BAIE DANKIE uit ons harte uit.

Oosie en Meisie

